**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 1579/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**MOSES SEGOBO**

---

**CORAM:** WRIGHT R *et* VAN DER MERWE R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE R

---

**GELEWER OP:** 11 NOVEMBER 2004

---

[1] Die beskuldigde in hierdie hersieningsaak is op 26 Junie 2004 gevind op die grond van Beatrixmyn, Theunissen sonder wettige rede daartoe. Terselfdertyd was die beskuldigde onder andere in besit van 'n lamp wat ondergronds in 'n myn gebruik word. Die waarde van die

mynlamp, volgens die getuienis, was R213,00. Die mynlamp was splinternuut en het ‘n merk van St Helenamyn gedra. Die beskuldigde was na my oordeel tereg op die eerste aanklag teen hom skuldig bevind aan ‘n oortreding van artikel 36 van die Algemene Regswysigingswet, Nr. 62 van 1955 en op aanklag twee aan betreding ter oortreding van die Wet op Oortreding, Nr. 6 van 1959.

[2] Op 27 Augustus 2004 is die beskuldigde op elkeen van die gemelde aanklagte gevonnis tot 12 maande gevangenisstraf ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977.

[3] Ek meen dat die landdros tereg ten opsigte van vonnisoplegging bevind het dat die beskuldigde op die betrokke mynperseel betree het met die bedoeling om onwettig aldaar te myn. Ek aanvaar ook dat die beskuldigde se vorige veroordeling van betreding, gepleeg op 12 Februarie 2002, ook plaasgevind het op myneiendom. Ek aanvaar ook dat die beskuldigde voor vonnisoplegging ‘n

arrogante houding in die hof ingeneem het, soos wat die landdros verduidelik het.

[4] Die beskuldigde is op 15 Februarie 1993 skuldig bevind aan ‘n oortreding van artikel 143(1) van die Wet op Mynregte, Nr. 20 van 1967, deurdat hy onwettig handel gedryf het in ‘n ander edelmetaal as goud. Vir hierdie oortreding is hy gevonnis tot ‘n boete van R400,00 of 2 maande gevangenisstraf en daarbenewens ‘n verdere 3 maande gevangenisstraf wat in geheel voorwaardelik opgeskort is vir ‘n tydperk van 4 jaar. Skynbaar hoofsaaklik op grond van laasgemelde vorige veroordeling, het die verhoorhof by vonnisoplegging aanvaar dat die beskuldigde reeds vir ten minste 11 jaar besig is om onwettig te myn en dit as sy werk of besigheid beskou. Hierdie bevinding van die landdros is nie geregverdig nie en kom neer op ‘n growwe wanvoorligting. Trouens, die landdros moes die vorige veroordeling van 15 Februarie 1993 na my oordeel weens die lang tydsverloop betrokke, buite rekening gelaat het.

[5] Soos gemeld, was die beskuldigde ten aansien van aanklag 1 in besit van vermoedelik gesteelde goedere ter waarde van R213,00. Hy het geen soortgelyke vorige veroodeling nie. In die omstandighede is 'n vonnis van 12 maande gevangenisstraf vir hierdie oortreding so buitensporig swaar dat dit nie kan bly staan nie.

[6] Die beskuldigde is 40 jaar oud, getroud met twee kinders en werkloos. Hy was vir ongeveer 2 maande as verhoorafwagtende in hegtenis aangehou.

[7] Die feit dat die beskuldigde die betrokke mynlamp besit het en op die betrokke plek betree het met die bedoeling om onwettig te myn, is 'n sterk verswarende faktor. Ek aanvaar die landdros se uiteensetting dat onwettige mynery 'n besondere probleem is binne die landdros se regsgebied. Boonop het die beskuldigde 'n onlangse vorige veroordeling van betreding, klaarblyklik juis op 'n mynperseel. In die lig van hierdie omstandighede is ek tevrede dat direkte gevangenisstraf wel gepas is. Na my oordeel is 'n vonnis van 3 maande gevangenisstraf gepas ten aansien van aanklag 1 en 'n vonnis van 6 maande gevangenisstraf gepas

ten aansien van aanklag 2.

[8] Gevolglik word die skuldigbevindings bekragtig, maar die opgelegde vonnisse tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 3 maande gevangenisstraf op aanklag 1 en 'n vonnis van 6 maande gevangenisstraf op aanklag 2. Die vonnisse moet geag word opgelê te gewees het op 27 Augustus 2004.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT, R**

/S Pieterse